



Tweepot-aftreestelsel

**ONTHOU DIE TWEEDOT-KEUSE VIR LEDE OUER AS 55**

Beste Lid

**LEDE WAT 55 OF OUER WAS OP 1 MAART 2021, KRY TOT 31 AUGUSTUS 2025 KANS OM DIE TWEEDOT-AFTREESTELSEL TE AANVAAR**

Die tweepot-aftreestelsel het op 1 September 2024 in werking getree. Lede wat op 1 Maart 2021 reeds 55 of ouer was, is die geleentheid gegee om gedurende die 12 maande na 1 September 2024 te besluit of hulle aan die tweepot-aftreestelsel wil deelneem. U sal nie op 'n later stadium toegelaat word om so 'n keuse uit te oefen nie.

Die Fonds het in Februarie 2025 'n nuusflits gestuur aan lede wat in hierdie kategorie is, om hulle bewus te maak van die verskillende implikasies.

Aangesien lede in hierdie kategorie tot **31 Augustus 2025** kans kry om die tweepot-aftreestelsel te aanvaar, herinner ons u graag aan die beskikbare opsies.

**As u besluit om **nie** aan die tweepot-aftreestelsel **deel te neem nie**, wat sal gebeur?**

As u besluit om **nie** aan die tweepot-aftreestelsel **deel te neem nie**, behou u u gevestigde pot, en u sal nie 'n spaarpot of 'n aftreepot hê nie. Al u bydraes ná 1 September 2024 sal aan u gevestigde pot toegeken word. Let asseblief daarop dat u dan nog steeds u volle lidbelang in kontant kan neem indien u uit die Fonds onttrek of aftree.

**As u besluit om **wel** aan die tweepot-aftreestelsel **deel te neem**, wat sal gebeur?**

As u besluit om **wel** aan die tweepot-aftreestelsel **deel te neem**, sal u 'n spaarpot (met 'n aanvangsbedrag daarin), 'n aftreepot en 'n gevestigde pot hê.

Op die eerste dag van die maand nadat u besluit het om deel te neem, sal u bydraes verdeel word – een derde sal na u spaarpot gaan en twee derdes na u aftreepot.

***U aftreepot sal eers beskikbaar wees wanneer u aftree.***

Wetgewing vereis dat die volle lidbelang in die aftreepot gebruik moet word om 'n annuïteit te koop – hetsy by die Fonds ('n in-fonds annuïteit) of buite die Fonds by 'n geregistreerde finansiële diensverskaffer. Die bedrag in die gevestigde pot kan by aftrede as 'n kontantenkelbedrag geneem word (onderhewig aan belasting), of u kan kies om 'n kostedoeltreffende in-fonds-annuïteit te koop wat vir u 'n maandelikse inkomste sal gee (soos die In-Fonds Lewende Annuïteit of die In-Fonds Lewensannuïteit – ook bekend as 'n gepoelde annuïteit of PAC). Indien u uit diens bedank en uit die Fonds wil onttrek na ouderdom 55, sal u nie toegang tot u aftreepot hê nie. Dit sal eers by aftrede beskikbaar wees.





**Die besluit om aan die tweepot-aftreestelsel deel te neem, kan nie omgekeer word nie. Maak asseblief seker dat u die implikasies van deelname aan die tweepot-aftreestelsel verstaan.**

Die Fonds het op 6 Junie 2024 aan alle lede 'n skakel gestuur om toegang te kry tot inligting oor die tweepot-aftreestelsel. U kan besonderhede hiervan op die Fonds se webwerf kry onder "Fund Guides". Hierdie gids bevat nuttige inligting in verband met wanneer u toegang kan kry tot geld uit die verskillende potte.

### **Wat moet ek doen om aan die tweepot-aftreestelsel te kan deelneem?**

Die keusevorm ("Opt-in form") is op die Fonds se webwerf beskikbaar onder "Forms". Stuur die ingevulde vorm na [support@laretirementfund.co.za](mailto:support@laretirementfund.co.za) indien u wil deelneem.

Die ingevulde vorm moet die Fonds nie later as **31 Augustus 2025** bereik nie.



### **BELANGRIKE BOODSKAP VAN DIE TRUSTEES**

Die tweepot-aftreestelsel is ingestel om in geval van **nood** toegang te verleen tot die spaarpot binne 'n aftreefonds. Die Fonds het al baie vergelykings beskikbaar gestel om te illustreer dat dit dikwels vir 'n lid finansiële voordeliger is om vir 'n groot uitgawe te spaar, in plaas van om geld uit hul spaarpot te onttrek. Hierdie vergelykings is op die Fonds se webwerf beskikbaar.

Onttrekkings uit u spaarpot beteken dat die positiewe uitwerking van saamgestelde rente wat op u lidbelang verdien word (d.i. rente wat op rente verdien word oor die medium tot lang termyn), drasties ingekort word. U sal ook 'n aansienlike bedrag aan belasting moet afstaan, omdat u kontantenkelbedrag teen u marginale belastingkoers belas word. Die LA Aftreefonds is nie 'n bankrekening nie. Dit stel u in staat om spaargeld oor 'n lang termyn op te bou, om gemaklik te kan aftree.

**As u aanhou om geld uit u spaarpot te onttrek, sal u u aftreespaargeld uitput, en ook die bedrag wat u by aftrede as 'n kontantenkelbedrag kan neem. Dit kan meebring dat u tydens u aftrede van die staat en/of u familie afhanklik is, of sukkel met die bietjie geld wat u het.**

As u geen ander keuse het as om spaarpot-onttrekkings te gebruik nie, kan u maandelikse addisionele vrywillige bydraes (AVB's) tot u lidbelang oorweeg om u lidbelang te help groei. Een derde van u AVB's sal na u spaarpot gaan. Gesels asseblief met u salarisafdeling om dit te reël.

Onthou, die doel van 'n aftreefonds is om u in staat te stel om vir 'n gerieflike aftrede te spaar, en daarom behoort onttrekkings uit die spaarpot voor aftrede slegs in 'n **noodgeval** aangegaan te word.

Gesels met die Fonds se Aftreevoordeleraadgewer Grant Greenfield indien u meer inligting oor die Fonds se voordele en die inhoud van enige van ons kommunikasies nodig het.

WhatsApp ons by 079 918 6187 dan bel ons u terug.



*"The question isn't at what age I want to retire; it's at what income."*  
– George Foreman

*Ilse Hartlief*  
**Hoofbeampte**

**Trustees:** Mnr J Jacobs (Voorsitter) | Mev M Van Zyl (Ondervoorsitter) | Mnr SF du Toit |  
Adv CJ Franken | Mnr J Lawack | Rdl WR Meiring | Mev SLC Petersen | Rdl S Philander  
**Hoofbeampte:** Mev IT Hartlief

Posbus 4300 | Tygervallei | 7536 | Belmont Office Park | Twiststraat | Bellville | 7530  
WhatsApp 081 806 9959 (tussen 08h00 - 16h00) | Tel 021 943 5305 | E-pos [support@laretirementfund.co.za](mailto:support@laretirementfund.co.za)  
[www.laretirementfund.co.za](http://www.laretirementfund.co.za) | <https://www.facebook.com/LARetirementFund> | Fondsregistrasienommer 12/8/1278